

N.50/7/23

J.S. du Preez.

Okaukuejo 4.

Aandag : H.V.B.,

Ekoloog, (Etosha),
P/K Okaukuejo,
Oor OUTJO.

Die Direkteur,
Natuurbewaring en Toerisme,
Privaatsak 13186,
WINDHOEK.

WILDTELLING : ETOSHA, JULIE 1972.

1. Hierdie telling het geskied tussen 21 en 27 Julie met ongeveer 45 uur vliegtyd. Mnr. N. Maritz was die loods terwyl Natuurbewaarder R. Reid en ek om die beurt diens gedoen het as waarnemers. Die telling is in die Otjovasandu gebied begin om seker te maak dat die gebied nie afgeskeep sal word nie. Die telling het egter goed verloop behalwe vir die bandopnemer wat se mikrofoon op die voorlaaste dag defek geraak het en ek was dus genoodsaak om 'n nuwe bandopnemer vir myself aan te koop.
2. Saterdagoggend (die 22ste) het Mnr. Maritz en ek na Purros gevlieg, die "verlore stad" opgespoor en die paar ruïnes gefotografeer. In die loop van die Hoaruseb rivier (wat nog baie oop syferwater bevat het) is 12 olifante en ongeveer 200 springbokke ook gesien. Etlke klein troppies gemsbokke en volstruise was ook teenwoordig. Twee olifantgeraantes (sonder tande) is ook in die rivier bespeur.
3. Met die terugkom vanaf Purros het ons al langs die Kowarib gevlieg, vanaf Beesvlakte tot Kaross. In die bolope van hierdie droë rivier, d.w.s. binne 10 myl wes van die Etosha wildtuin, is 92 berggebras, 'n paar febras, 24 koedoes, 'n paar gemsbokke en 20 olifante getel. Dié wild het hul water in die rivierbed verkry deur gate in die sand te grawe. Ek glo nie dié berggebras sal maklik na Otjovasandu gelok kan word nie - tensy hulle nie meer water kan oopgrawe nie. Hierdie huidige toestand mag nog maande duur en ons mag dus meer verloor deur trekke in die draad oop te los dan om die draad te voltooi. Dit is ook gesien hoe meer dan 100 febras 20 koedoes, 28 volstruise en een renoster teen die draad by Kowaris staan in 'n poging om by Kowaris te gaan drink. Alhoewel daar nog 'n drinkgat in die wildtuin is (+- ½ myl oos van die draad by Kowaris) is hierdie 'n gat in die kalk met water ongeveer drie voet van die oppervlakte en slegs een wildsoort kan op 'n slag daar drink. 'n Boorgat in die omgewing sal die wild weg van die draad hou en moet so spoedig moontlik verskaf word.

4. Daar is nog etlike reënwater pannetjies wat water bevat langs die Noordgrens net ten noorde van Natukanaoka pan.
5. Die reeks fonteine by Onaiso lok heelwat olifante en etlike troppe is in die omgewing van Onaiso gesien. Hierdie troppe sal nie die grensdraad respekteer nie en baie moeite en onkoste sal bespaar kan word indien hierdie stuk, asook die Kowaris gedeelte, met olifantwerende draad versterk word.
6. Die telling het die volgende resultate gelever:-

Sebra	10,558
Springbok	2,453
Gemsbok	1,795
Wildebeeste	3,518
Rooi hartebeeste	294
Koedoe	505
Kameelperde	487
Olifante	419
Elande	210
Bergzebra	178
Rooibokke	153
Bastergembokke	107
Renosters	15

7. In vergelyking met die vorige telling (Junie 1972) kry ons die volgende:

	<u>Junie 1972</u>	<u>Julie 1972</u>		<u>+ of -</u>
Sebra	11508	10558	-	950
Springbok	3612	2453	-	1159
Gemsbok	1725	1795	+	70
Wildebeeste	3422	3518	+	86
Rooi Hartebeeste	282	294	+	12
Koedoe	218	505	+	287
Kameelperde	523	487	-	36
Olifante	433	419	-	14
Eland	250	210	-	40
Bergzebra	200	178	-	22
Rooibok	153	153	-	-
Bastergembok	107	107	-	-
Renoster	30	15	-	15
Volstruis	648	515	-	133

(Bastergembokke en rooibokke toon geen verskille nie as gevolg van die feit dat ons hier met bekende getalle te doen het en omdat Junie se telling aangepas is).

8. Die verspreidingskaart toon n akkurate verspreiding vir alle gebiede omdat die tellings nou verbeter is om dit in te sluit. Daar word gehoop om dit nog te verbeter sodra n kaart met verwysingsblokke opgestel kan word. Dit sal egter genoodsaak dat meer tyd aan die tellings bestee sal moet word.
9. Dit is bekend dat groot getalle wild tans op Andoni vernietig word maar hierdie vermindering kan nie in die tellings bespeur word nie. Ook is daar merkbare skommelings in die totale waarneembaar waarvoor geen ander rede dan verspreiding en natuurlike onsigbaarheid in die bosse aangevoer kan word nie. (verg. springbok en koedoe totale) Die totale soos hierbo weerspieël, is nie met n korrelasie faktor aangepas nie, juis omrede ons nie weet en kan vasstel wat hierdie faktor moet wees nie.

10. Hierdie probleme kan uitgeskakel word slegs deur gebruik te maak van n helikopter en daar sal, na verloop van n paar jaar se tellings d.m.v. n helikopter, n korreksie faktor vir die verskillende streke uitgewerk kan word. Die Nasionale Kruger Wildtuin maak gebruik van hierdie metode en dit word voorgestel dat een van die vliëniers en ek een van hul tellings moet bywoon alvorens daar gemotiveer word vir óf die aankoop óf gebruik van n helikopter. Volgens n publikasie van hulle vind hul tellings einde Augustus/September plaas.

J.S. du Preez.
EKOLOOG.